DIE EIKE

# Nuusbrief Maandeliks

DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

VOLUME 2 NOMMER 5 JULIE 2025

## IN DIE JULIE 2025 UITGAWE

1 | Oordenking: Hoe lyk 'n "Stewige regering"? Dr. Callie Opperman

2 | Woord deur die Voorsitter: Die fokus is nou op die regering en dialoog Dries Wiese

4 | Die Freedom Charter en die Nasionale Dialoog: Jan Bosman

6 | Die beplande Nasionale Dialoog: Prof. Jannie Rossouw

8 | Gedagtes oor die RNE, die Nasionale Dialoog en die president: Prof. Theo Neethling

9 | Gepubliseerde BELA Riglyne: Wat skole moet weet : Dr. Juané van der Merwe-Mocke

10 | "Kill the Boer" 'n Historiese oorsig Dr. James Myburgh

12 | Die verval die Westerse Akademiese tradisie Die Weste is nie uniek sleg nie Dr. Willem Gravett

14 | Transformasie - Die keiser is nog steeds kaal.: Jan Bosman

16 | Hersiening van die Witskrif op Plaaslike Regering

Die Eike
kommentaar@die-eike.co.za

## OORDENKING: HOE LYK 'n "STEWIGE REGERING"?

***Deur Dr Callie Opperman***

"Jotam het sy mag stewig gevestig, want hy het sy pad koersvas geloop voor die Here sy God." 2 KRONIEKE 27:6 AFR20

Koning Jotam was een van die min konings wat "goed regeer" het oor die volk van die Here. Waaraan word "goed" of "stewig gevestigde" regering getoets?

Vandag sou goeie regering gedefinieer word as demokraties, met respek vir menseregte, stukrag vir 'n gesonde ekonomie, regstelling van ongelykhede teen rasse en vroue.



Wat is die hoop op 'n "stewige regering" as bogenoemde die maatstawwe is?

Dit kan dalk vir 'n tydperk mense tevrede stel. Tog skep dit geen verwagting om op die lang termyn te slaag met goeie regering nie.

- Demokrasie is die wil van die meerderheid. Dit is geen waarborg dat dié wil goed is vir almal, of tot eer van God is nie.
- Menseregte kan misbruik word om allerlei vreemde individuele "regte" af te dwing. Wanneer mense se regte en eise hoër geag word as God se regte, wag daar 'n donker tyd vir die gemeenskap.
- Gesonde ekonomieë is dikwels ten gunste van rykes, wat kan lei tot verarming van armes.
- Regstelling van ongelykhede het reeds bewys dat die beste kundigheid dikwels die knie moet buig voor verpligte ras- en geslagsvoorkeure.

Wat was goed in koning Jotam se tyd? "Hy het koersvas geloop voor die Here sy God." 2 KRONIEKE 27:6. Dit is die grondslag vir goeie regering – destyds, maar ook vandag.

- God se wil geld bo die mense se wil
- koersvas, sonder om deur ander invloede van die spoor te raak
- stewige regering, omdat dit op goeie fondamente staan.

Dit klink seker onmoontlik, of na lugkastele, in ons moderne tyd? Tog verander God en sy wil nie deur die eeue nie.

Hy is steeds die Almagtige, wat kan seën of straf, kan laat slaag of misluk. Uiteindelik sal elkeen met gesag verantwoording moet doen voor die gesag van die Here as Regter.

Nou op aarde kan regeerders dalk wegkom met selfgerigte, godonterende praktyke, misleiding, bedrog of wat ook al. Soos die geskiedenis van die ou Israel wys, sal God egter van elkeen rekenskap eis.

Mag daar vir ons moedige leiers opstaan wat onbevrees en koersvas loop in navolging van ons Here.

Gebed: - Almagtige God, Heerser oor alles en almal, ons bid vir leiers op elke terrein van ons samelewing, wat u wil en u eer voorop sal stel. Amen.

Pitkos: Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God. PSALM 20:8

*(Vervolg op p2)*

## Oordenking: Hoe lyk ’n “Stewige Regering”? (verv)

***Die oordenking was in dr. Callie Opperman se Deo Gloria Kuberbrief en word met sy instemming geplaas.***

· *Dr Callie Opperman is ‘n Emeritus predikant: Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid. Kontak: opperman.wc@gmail.com* ❖

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: DIE FOKUS IS NOU OP DIE REGERING EN DIALOOG

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Die onlangse besoek van president Cyril Ramaphosa op 21 Mei 2025 en ’n senior afvaardiging aan die Withuis in Washington DC het die aandag opnuut op Afrikaners geplaas. Die fokus op plaasmoorde en plaasaanvalle het wêreldwyd aandag getrek en meer as ’n maand later wil dit voorkom asof die Suid-Afrikaanse Regering nog steeds nie antwoorde het of weet hoe om te reageer nie.

In die lig van die toenemend brose toestand van Suid-Afrika se Regering van Nasionale Eenheid (RNE), die ANC se greep op die Nasionale Dialoog, en nuwe berigte van korrupsie wat senior ANC leiers betrek demonstreer op verskeie vlakke ‘n falende staat.

Vanuit ’n Afrikaner-perspektief werp hierdie gebeure lig op ’n reeks uitdagings wat nie net politieke stabiliteit bedreig nie, maar ook die voortbestaan van ons demokrasie en dan veral ook die status van minderheidsgemeenskappe op vele terreine nadelig raak.



***Ramaphosa se Withuis-besoek: ’n Verlore Geleentheid***

Pres. Ramaphosa se besoek aan die Withuis in Mei 2025 was bedoel om die verslegtende diplomatieke bande tussen Suid-Afrika en die VSA te herstel, maar dit word deur baie Suid-Afrikaners as ’n verlore kans beskou. Volgens berigte was die bespreking met die Amerikaanse president gefokus op handel en ekonomiese samewerking, maar kritieke kwessies soos plaasmoorde het die openbare gesprek oorgeneem.

Die VSA het duidelike voorwaardes gestel vir die herstel van verhoudings, insluitend die dringende behoefte om plaasaanvalle as ’n prioriteitsmisdaad te verklaar en die ondubbelsinnige veroordeling van die slagspreuk “Kill the farmer, kill the Boer.” Ramaphosa se huiwering om hierdie kwessies direk aan te spreek, soos gerapporteer deur die media, het kommer gewek dat hy ook in die geval veel eerder die ANC se belange as dié van die breër Suid-Afrikaanse bevolking prioritiseer.

***Die Wankelrige Regering van Nasionale Eenheid***

Die RNE, wat na die 2024-verkiesing gevorm is toe die ANC sy volstrekte meerderheid verloor het, was bedoel om politieke stabiliteit te bring. Die koalisie, wat partye soos die DA insluit, is egter wankelrig, met spanning tussen die ANC se ideologiese agenda en die DA se strewe na nie-rassige beleid. Afrikanerkiesers, wat dikwels die DA ondersteun, het as ’n teenvoeter teen die ANC se rasgebaseerde wetgewing, voel toenemend teleurgesteld. Die koalisie se onvermoë om eenstemmigheid te bereik oor sensitiewe kwessies soos plaasaanvalle en grondhervorming laat baie kiesers sinies.

Die RNE se onstabiliteit het ’n direkte impak op Afrikaner-kiesers, wat vrees dat hul belange verder gemarginaliseer sal word. Ons bly nog steeds van mening dat die Verklaring van Voorneme wat die ooreenkoms tussen die RNE vennote geformaliseer het, die mees ideale geleentheid was vir die omstandighede en die resultate van die 2024 verkiesing.

Ons het geweet dat die integriteit en karakter van die Regering van Nasionale Eenheid beslis getoets sou word in die weke en maande en jare na die verkiesing. Ons het na die verkiesing in 2024 gesê dat die RNE se sukses sou afhang van elke individuele party in die ooreenkoms se verbintenis en toewyding tot die RNE. Veral sou dit staatmaak op die integriteit van elke party en dan die eerlikheid van partyleiers in die proses. Dit is egter met teleurstelling dat mens verneem van veral die ANC wat optree as ’n meerderheidsparty en nie as ’n vennoot nie. Dit is merkbaar op ander lewensterreine ook.

Kundiges soos prof Jannie Rossouw en prof Theo Neethling het hulle menings oor die RNE en ’n evaluering na ’n jaar met ons gedeel en die sienings word elders in die nuusbrief geplaas.

***Die Nasionale Dialoog: ’n ANC-oorname?***

Die aankondiging van ’n Nasionale Dialoog, wat op 15 Augustus 2025 ’n nasionale proses sal begin word allerweë met agterdog bejeën. Sommige kommentators argumenteer dat die dialoog ’n poging is om die ANC se tanende legitimiteit te versterk eerder as ’n opregte platform vir inklusiewe gesprek.

Suid-Afrikaners vrees heel tereg dat die Nasionale Dialoog gekaap sal word om die ANC se agenda te bevorder, veral wat betref kwessies soos swart ekonomiese bemagtiging (BEE) en grondhervorming. Die Grondwet waarborg gelykheid voor die wet, maar ongelykhede in toegang tot onderwys en verteenwoordiging bly ’n probleem, met Engels wat toenemend bevoordeel word ten koste van Afrikaans. Hierdie perspepsie van marginalisering laat Afrikaners bevraagteken of

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Die Fokus is nou op die regering en dialoog (verv)

die dialoog werklik ruimte sal bied vir hul bekommernisse.

Die Afrikanerbond se Nasionale Raad is heel ten gunste van 'n Nasionale Dialoog, maar die Nasionale Dialoog soos voorsien vir 15 Augustus wek ernstige en geregverdigde kommer. Alhoewel die Afrikanerbond te kenne gegee het dat hy die proses ondersteun sal deelname en die voorwaardes vir deelname in groot besonderhede deur die Nasionale Raad oorweeg word. Ons het reeds 'n omvattende dokument oor die voor- en nadele van deelname opgestel vir ons oorweging en sal dit ook gegewe verandere politieke omstandighede oorweeg word.

**Afrikaner-leiers in die VSA: Geregtigheid**

Ons is deurlopend ingelig oor die onlangse besoek van Afrikaner-leiers, insluitend dr. Corné Mulder van die VF Plus, dr Theo de Jager van SAAI en Gerhard Papenfus van NEASA. Volgens die terugvoer het die afvaardiging 'n duidelike begrip van die Amerikaanse administrasie se verwagtinge en vier duidelike voorwaardes is gestel vir die herstel van bilaterale verhoudings met Suid-Afrika:

1. Die klassifikasie van plaasaanvalle as 'n prioriteitsmisdaad. Die Withuis-amptenare het daarop gewys dat plaasaanvalle tans nie met dieselfde dringendheid en hulpbronne as renosterstropery en kontant-in-transitorooftogte aangespreek word nie. Elke plaasaanval moet deur die Valke ondersoek word;
2. 'n Duidelike en ondubbelsinnige openbare veroordeling deur die ANC van *"Kill the farmer, kill the Boer"* of dit nou in 'n liedjie of enige ander konteks gebruik word;
3. Geen grondonteiening sonder billike markvergoeding nie. Onteiening moet slegs voortgaan nadat alle regsprosesse volledig uitgeput is; en
4. Vrystelling van VSA-entiteite van alle vereistes vir Swart Ekonomiese Bemagtiging (BEE). Enige rasgebaseerde wetgewing wat 'n nietariefhandelsversperring kan vorm, moet nie op VSA-entiteite van toepassing wees nie.

***"Net soos met vorige regerings en bedelings begin ons 'n gesprek wat aansluit by groter verwagtinge onder Suid-Afrikaners. Ons moet telkens ook sinvol gesels oor oplossings vir Suid-Afrika want ons werk nie net in eie belang nie maar ook in nasionale belang."***

Hierdie voorwaardes weerspieël 'n groeiende internasionale besorgdheid oor die Suid-Afrikaanse regering se hantering van minderheidsregte en ekonomiese beleid. Ons kan met groter eensgesindheid hierdie boodskap aan die Suid-Afrikaanse regering oordra. Veral van belang is dat internasionale sowel as nasionale kritiek verdere druk op die ANC sal plaas om hervormings te implementeer. Dit is na ons mening nodig dat veral ekonomiese groei gestimuleer moet word en dat dit slegs bereik kan word as regulatoriese beperkinge en raswetgewing uitgeskakel word.

**Die Gesamentlike Parlementêre Komitee se Verslag oor Plaasmoorde**

Tydens 'n onlangse gesprek met Afrikaner verteenwoordigers met die Demokratiese Alliansie het ons kennis geneem van die aanvaarding van die Gesamentlike Parlementêre Komitee se Verslag oor Plaasmoorde, wat op 21 Mei 2025 gedien het.

Hierdie verslag is moontlik oorskadu deur die VSA besoek deur die SA regering. Sleutelaanbevelings sluit in:

- Die stigting van 'n Gespesialiseerde Landelike Veiligheidseenheid binne die SAPS.
- Versterking van landelike misdaadintelligensie om plaasaanvalle en oorgrens misdaadnetwerke te bekamp.
- Dat die lae vervolging en vonnis statistiek aangespreek sal word deur 'n geïntegreerde benadering tussen die SAPS en die Nasionale Vervolgingsgesag (NPA), met intelligensie-geleide polisiëring en vervolgingsgeleide ondersoeke.
- Ondersteuning en versterking van samewerking tussen die SAPS, gemeenskapsveiligheidstrukture soos plaasbeskerming eenhede, tradisionele leiers, en ander relevante belanghebbendes.
- 'n Erkenning van die unieke wrede aard van plaasmoorde, wat dikwels marteling insluit. Hierdie misdade is nie gewone misdade nie; dit is doelbewus, wreed, en ekonomies verwoestend, met 'n direkte impak op voedselsekerheid

Hierdie aanbevelings is na ons mening 'n vars bries en 'n stap in die regte rigting, maar die implementering daarvan sal deurslaggewend wees om die vertroue van Suid-Afrikaners en veral mense in die landelike gemeenskappe te herstel. (Stuur gerus 'n e-pos aan kommentaar@die-eike.co.za om die parlementêre verslag aan te vra.)

***Samevatting***

In ons gesprekke onderling in die strukture van die Afrikanerbond kan ons agterkom dat lede sinies raak oor die land en die huidige Regering van Nasionale Eenheid. Net soos met vorige regerings en bedelings begin ons 'n gesprek wat aansluit by groter verwagtinge onder Suid-Afrikaners. Ons moet telkens ook sinvol gesels oor oplossings vir Suid-Afrika want ons werk nie net in eie belang nie maar ook in nasionale belang. Ons begin stadigaan sien dat kritiek vanuit die geledere van vorige regeringsondersteuners al meer word en meer ferm.

Hervorming sal slegs gebeur as die ANC bereid is om daadwerklik op te tree. Die pad vorentoe vereis 'n verbintenis tot werklike nierassige beleid, effektiewe misdaadbekamping, en billike ekonomiese praktyke wat alle Suid-Afrikaners insluit. Sonder hierdie veranderinge sal die vertroue in die regering en die hoop op 'n vooruitstrewende Suid-Afrika verder kwyn. ❖

# DIE NASIONALE DIALOOG EN 70-JAAR VAN DIE FREEDOM CHARTER

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Die ANC as bevrydingsbeweging roem telkemale op sy verbintenis tot die Vryheidsmanifes / Freedom Charter. ***(Volg die skakel** om **die Freedom Charter / Vryheidsmanifes in Afrikaans en Engels te lees).*** Die Freedom Charter wat op 26 Junie 1955 te Kliptown onderteken is, het die grondslag gelê vir die ANC se rol in die totstandkoming van ʼn demokratiese Suid-Afrika.

As bevrydingsbeweging het die ANC in die verlede by verskeie geleenthede sy eie basuin geblaas oor sy verbintenis tot die Freedom Charter. Die Vryheidsmanifes, word wel algemeen aanvaar as die grondslag vir die ANC se rol in die totstandkoming van 'n demokratiese Suid-Afrika. In die proses was die motief edel, maar die uitkoms ten opsigte van die ANC se verbintenis tot 'n nie-rassige samelewing is in 2025 maar somber en soms onduidelik. Dit is asof die ANC en sy faksies nie die gebeure van die 1990's wil erken of wil aanvaar nie. Die lotsbepalende en dramatiese besluite van die vorige politieke bedeling, die onderhandelinge, die ooreenkomste gebaseer op konsensus, die verkiesing van 27 April 1994 gebaseer op die oorgangsgrondwet en die finale grondwet van 1996. Dit alles was ʼn proses van gee en neem. In die proses is die ideale van die ANC se Vryheidsmanifes ook getemper en het ʼn nuwe en soms ander vorm aangeneem in die finale produk.




Vanjaar, op 26 Junie 2025 is dit reeds 70 jaar wat die Freedom Charter tot stand gekom het. Gereeld toon regeringsleiers lippediens aan die eerste sin van die Vryheidsmanifes wat lui: "Dat Suid-Afrika behoort aan al die mense wat daarin woon, swart en wit." Dit sou hierin wees dat sosiale kohesie sy basis moes vind maar soos Prof William Gumede van Wits se Skool vir Regeerkunde dit gestel het. *"Sosiale kohesie is grootliks afhanklik van ʼn gelyke vennootskap tussen die regering en nie-regeringspartye soos sakeondernemings, burgerlike samelewingsorganisasies en gewone burgers. Ongelukkig glo talle in die ANC en die regering dat slegs die idees wat van die ANC en die regering kom, geldig is; dat slegs die regering ontwikkeling kan lei en beleide kan maak. Dit beteken dat groot nie-regeringsgroepe uitgesluit, gemarginaliseerd en oorbodig voel – wat daartoe lei dat hulle dinge alleen aanpak en so sosiale kohesie ondermyn."* Dan volg die belangrike gevolgtrekking wat Prof Gumede maak: *"Die ANC se uitsluiting van minderheidsgroepe in die party en die toenemende aanvalle op minderheidsgroepe deur nuwe Afrikanistiese en populistiese partye soos die EFF het veroorsaak dat daardie gemeenskappe onder beleg voel en daarom toevlug soek in etniese laers vir beskerming of hulle aan die openbare lewe onttrek om op gesinne en "hulle" gemeenskappe te fokus en so sosiale kohesie ondermyn."*

Die verknogtheid aan die Freedom Charter moet kommer wek. Aansluitend hiertoe moet die ANC se aandrang tot die Nasionale Dialoog in die Verklaring van Voorneme in die Regering van Nasionale Eenheid en skielike haas tot ʼn Nasionale Dialoog die laaste maande, gesien word teen die agtergrond van die bedoeling en bedekte agenda van die ANC soos verwoord deur President Cyril Ramaphosa in sy Staatsrede op 6 Februarie 2025.

*"This State of the Nation Address is taking place as we celebrate 70 years since the adoption of the Freedom Charter at the Congress of the People in Kliptown. The Freedom Charter is the cornerstone of our democratic Constitution. It sets out a vision of a united, non-racial, non-sexist, democratic and prosperous South Africa. It sets out a vision of a country in which government is founded on the will of the people, where the land is shared among those who work it, where the people share in the country's wealth, and all are equal before the law. It is this vision that continues to guide us as we work to build the nation we all want. It is the spirit of the Congress of the People that inspires us as we prepare for a National Dialogue in which South Africans are once again called upon to chart a new path for our country.*

Wil die ANC die kongres van die mense van 1955 en die uitkoms van ʼn Freedom Charter weer in 2025 herhaal met die Nasionale Dialoog? Suid-Afrikaners is oor die algemeen sinies oor die regering se vermoë om voorstelle in dade om te skakel. In die lig hiervan moet die vraag gevra word of die dialoog ʼn opregte kans vir vernuwing is, of ʼn duur afleiding vir die land se dringende probleme? Wil die ANC die 1955 geskiedenis herhaal en ʼn dialoog vestig wat die ANC se belange maar veral die tanende legitimiteit bevorder?

'n Sosiale ooreenkoms of kontrak of Nasionale Dialoog is deel van die land se oplossings maar dan moet Suid-Afrikaners se onderlinge vertroue eers weer herstel word en verg dit vertroue in 'n regering wat erns het met ekonomiese ontwikkeling en die diversiteit van Suid-Afrika erken en respekteer. Die ANC, en pres. Ramaphosa het tot dusver die toets gedop.

Die Vryheidsmanifes verklaar ook dat "Die regte van die mense sal dieselfde wees, ongeag ras, kleur of geslag." As ons die fokus verder neem op die Vryheidsmanifes dan lees ons onder andere in die manifes se subtema met die opskrif: ***Alle Nasionale Groepe Sal Gelyke Regte hê –*** die volgende wat die ANC gerieflikheidshalwe ignoreer.

*(Vervolg op p5)*

## Die Nasionale Dialoog en 70-jaar van die Freedom Charter (verv)

- *"Daar sal gelyke status wees in die staatsliggame, in die howe en in die skole vir alle nasionale groepe en rasse;*
- *Alle mense sal gelyke regte hê om hul eie tale te gebruik, en om hul eie volkskulture en –gewoontes te ontwikkel;*
- *Alle nasionale groepe sal beskerm word teen beledigings teen hul ras en nasionale trots;*
- *Die verkondiging en praktyk van nasionale, ras- of kleurdiskriminasie en minagting sal 'n strafbare misdaad wees;*
- *Alle apartheidswette en praktyke sal ter syde gestel word."*

Die Vryheidsmanifes van 1955, opgestel deur die ANC en sy bondgenote, het 'n visie vir 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika geskets, met spesifieke bepalings wat gelykheid en respek vir alle nasionale groepe en rasse belowe. Die Freedom Charter was in teorie in direkte teenstelling en ʼn antwoord op die teenstand teen apartheid en die gevolge van die beleid. Die afgelope dertig jaar, sedert die ANC aan bewind gekom het, is daar egter geldige kritiek dat sommige van hierdie ideale van die Freedom Charter gerieflikheidshalwe geïgnoreer of swak toegepas is, ten spyte van die manifes se sentrale rol in die ANC se ideologiese grondslag.

Een van die kernbepalings, naamlik gelyke status in staatsliggame, howe en skole vir alle nasionale groepe en rasse, is slegs gedeeltelik verwesenlik. Hoewel die Grondwet van 1996 gelykheid voor die wet waarborg, bly ongelykhede in toegang tot gehalte-onderwys en verteenwoordiging in staatsliggame 'n probleem. Die ANC se rondspringery en gebroke beloftes oor BELA en dié probleem vir taal en toelating is oorbekend. Kommentators wys gereeld daarop dat die ANC se fokus op regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging ten koste van breër inklusiwiteit gekom het, met minder aandag aan die ontwikkeling van alle nasionale groepe (lees minderhede) se belange.

Die Freedom Charter se belofte dat alle mense gelyke regte sal hê om hul eie tale en kulture te gebruik en te ontwikkel, is ook ʼn ydele ideaal. Terwyl die Grondwet nou twaalf amptelike tale erken, word Engels bevoordeel in openbare ruimtes, onderwys en die media. Inheemse tale soos Afrikaans, isiZulu, isiXhosa en Sesotho word dikwels gemarginaliseer, met minimale ondersteuning vir hul ontwikkeling in hoër onderwys of professionele kontekste. Hierdie wanbalans laat vrae ontstaan oor die ANC se toewyding aan die visie van kulturele gelykheid.

Verder, die bepaling dat nasionale groepe beskerm sal word teen beledigings teen hul ras en nasionale trots, en dat ras- of nasionale diskriminasie 'n strafbare misdaad sal wees, bly grootliks onvervuld. Hoewel wetgewing teen haatspraak bestaan, is die toepassing daarvan swak, en haatspraak of diskriminerende praktyke word selde konsekwent vervolg. Die voortbestaan van rasse- en etniese spanning in die samelewing, soms aangewakker deur politieke retoriek, en dui op 'n gebrek aan politieke wil om hierdie beginsels streng af te dwing. Die sing van "Kill the Boer" is tekenend hiervan.

Laastens, die afskaffing van alle apartheidswette en -praktyke is nie hanteer nie. Trouens ras het ʼn al hoe groter fokus van die nuwe bedeling geword. Die Instituut vir Rasseverhoudinge het sy **Rasindeks** op 11 Junie 2025 opdateer en die aantal operasionele raswette is hersien van 142 na 145, en die totale aantal raswette sedert 1910 is hersien van 319 na 324. Sedert 1994 het 122 raswette beslag gekry.

'n Aanhaling van Oliver Tambo, (ANC president 1967-1991) het die Freedom Charter se ideale dalk die beste verwoord toe hy by die Georgetown Universiteit op 27 Januarie 1987 gepraat het. *"We seek to create a united Democratic and non-racial society. We have a vision of South Africa in which black and white shall live and work together as equals in conditions of peace and prosperity. Using the power you derive from the discovery of the truth about racism in South Africa, you will help us to remake our part of the world into a corner of the globe on which all -- of which all of humanity can be proud."* Mens wonder maar net wat sou Oliver Tambo vandag van die ANC se vertrapping van sy ideaal sê?

In 2025 ervaar ons dat die ANC se radikale visie en toepassing van politieke transformasie dikwels deur ideologie voorgeskryf word en die elites se belange voorop stel. Hierdie gapings tussen die Freedom Charter se ideale en die werklikheid laat geldige vrae ontstaan oor die ANC se werklike verbintenis tot sy eie historiese beginsels.

***In 2025 ervaar ons dat die ANC se radikale visie en toepassing van politieke transformasie dikwels deur ideologie voorgeskryf word en die elites se belange voorop stel.***

Die ideale soos verwoord in die Vryheidsmanifes is deesdae leë retoriek. Die ANC se sogenaamde verbintenis tot nie-rassigheid het ʼn klug geword. Die aanhang van die Vryheidsmanifes en die voortdurende verwysing na nie-rassigheid word al hoe meer tersyde gestel met 'n groter rasgedrewe klem

Al hierdie ideale word ondermyn en ongedaan gemaak deur die toepassingskonteks van die Nasionale Demokratiese Rewolusie. Die ANC self beskryf die NDR as *"a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people".* (Strategy and Tactics, 2007). Akademici verwys na die NDR as "ingrypende sosiale transformasie (major surgery of society and state) wat alle aspekte van die samelewing, politiek en ekonomie insluit. Die vyf pilare (fondasies) van sosiale transformasie sluit in: die staat, die ekonomie, organisatoriese werk (die par-

*(Vervolg op p6)*

## Die Nasionale Dialoog en 70-jaar van die Freedom Charter (verv)

ty), die ideologiese stryd en die internasionale omgewing (netwerke). Die eindoogmerk van die NDR is ŉ Afrika-hegemonie waarin Afrikane ooreenkomstig die beginsel van verteenwoordigendheid (demografies van aard) die dominante aandeelhouers is ten opsigte van eienaarskap, beheer en bestuur, asook werksgeleenthede."

Die ANC het gevolglik self ŉ spanning geskep tussen die Suid-Afrikaanse grondwet aan die een kant en die Freedom Charter sowel as die Nasionale Demokratiese Rewolusie aan die ander. Die Suid-Afrikaanse grondwet wat baie van die ideale van die Vryheidsmanifes insluit word ernstig bedreig en selfs ondermyn deur die aanhang van die Freedom Charter en die toepassing van die Nasionale Demokratiese Rewolusie. Met ander woorde die ideaal van nie-rassigheid word ondermyn deur die toepassing van rasgedrewe beleid.

Geen dokument of beleidstoepassing kan bo die SA grondwet verhewe wees nie. Die SA Grondwet se grondliggende bepalings stel dit duidelik. Die Republiek van Suid-Afrika is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op onder andere die volgende waardes:
(a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede.
(b) Nie-rassigheid en nie-seksisme.

Sewentig jaar na die Freedom Charter beleef die ANC ŉ morele bankrotskap. Nou word die 70-jaar viering van die Freedom Charter aangegryp en ŉ Nasionale Dialoog is die uitkoms. Die twee moet geskei word.

Die ANC se Freedom Charter van 1955 kan nie in 2025 meer binne die grondwetlike demokrasie ŉ grondslag wees vir die toekoms nie. Die Freedom Charter spreek die uitdagings en verouderde ideale en beginsels van 1955 aan. Dit is egter sedertdien skeefgetrek en het ideologies verdag geraak. Dit is vandag hoogstens bloot ŉ interessante historiese dokument,

***Die ANC kan nie een oomblik vir een gehoor die Grondwet en die regstaat koester as dit hulle politieke doelwitte bevorder, maar teruggryp na die Freedom Charter en die grondwet vertrap wanneer dit die heersende ideologie of sekere faksies pas nie.***

met geen amptelike status nie. Die ANC kan nie een oomblik vir een gehoor die Grondwet en die regstaat koester as dit hulle politieke doelwitte bevorder, maar teruggryp na die Freedom Charter en die grondwet vertrap wanneer dit die heersende ideologie of sekere faksies pas nie.

Enige iets anders en enige ander interpretasie van die bogenoemde bepalings kan Suid-Afrika toenemend weer in ŉ ras-moeras dompel. Die ANC het die grondwetlike ideaal van nie-rassigheid vervang met hulle weergawe van meer-rassigheid in die huidige gevaarlike rasfokus in feitelik alle beleidsraamwerke.

Die artikel is op 26 Junie 2025 in Maroela Media gepubliseer.
https://maroelamedia.co.za/debat/diskoers/n-skelm-herhaling-van-die-vryheidsmanifes/ ❖

## DIE BEPLANDE NASIONALE DIALOOG

***Deur prof. Jannie Rossouw***
***Ereprofessor aan Wits Besigheidskool en ekonoom van Altitude Wealth***

Jan Smuts, 'n voormalige Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, het in 1949 gesê dat die ergste of die beste nooit in Suid Afrika gebeur nie.

Die historikus CW de Kiewiet het in 1941 verklaar dat Suid-Afrika polities deur rampe en ekonomies deur meevallers gevorder het.

Smuts is plaaslik beter bekend as De Kiewiet. Trouens, Smuts was tydens sy politieke loopbaan waarskynlik een van die mees verdelende politici in die Unie van Suid-Afrika. Die tydperk ná Smuts het Suid-Afrika egter nie sonder ‘n ooraanbod van verdelende politieke figure gelaat nie. Dit is egter ‘n onderwerp om by ‘n ander geleentheid te bespreek.

De Kiewiet was 'n historikus wat in Suid-Afrika grootgeword het, maar na die VSA geëmigreer het. Hy het ‘n merkwaardige akademiese loopbaan in daardie land gehad, onder meer by die Universiteit van Iowa, Cornell Universiteit en die Universiteit van Rochester.

Beide hierdie opmerkings is vandag steeds geldig. Ten spyte van negatiewe verwagtings, het Suid-Afrika relatief vreedsame politieke veranderings beleef. Mees onlangs was die prysgawe van totale mag deur die ANC na die 2024 algemene verskiesing. Nie die ergste of die beste het gebeur nie, maar Suid-Afrika het ‘n vreedsame regeringsverandering gehad. Wat egter steeds ontbreek, is ‘n ekonomiese meevaller om Suid-Afrika se ekonomiese verval te stuit.


In die 30 jaar sedert demokratiese verkiesings in 1994 het die ANC-regering Suid-Afrika wanbestuur deur onbevoegdheid, gierigheid, staatskaping en korrupsie. Dit blyk onder meer uit lae ekonomiese groei en groeiende werkloosheid gedurende die bewind van mnr. Cyril Ramaphosa as staatshoof. (Sien figuur 1)

Koalisievorming in die vorm van die regering van nasionale eenheid (RNE) was die enigste wyse waarop die ANC ‘n vorm van mag kon behou. Ramaphosa is ‘n swak staatshoof, maar ‘n uitstekende onderhandelaar. Hy het daarin geslaag om vir die ANC mag buite verhouding in die RNE te behou.

*(Vervolg op p7)*

## Die beplande Nasionale Dialoog (verv)

Ten spyte van groot verwagting oor beter ekonomiese groei ten tye van die aankondiging van die RNE, het




**Figuur 1: Suid-Afrika se ekonomiese groeikoers sedert 2015**
Bron: Trading Economics

geen verbetering gevolg nie. Mees onlangs was groei in die eerste kwartaal van 2025 'n skamele 0,1%.
Die RNE het in 2024 'n program met nege prioriteite aangekondig wat kortliks soos volg saamgevat kan word:

1.1 Vinnige, inklusiewe en volhoubare ekonomiese groei;
1.2 'n Meer regverdige samelewing deur onder meer armoede te bekamp en dienste te verbeter;
1.3 Stabiele plaaslike owerhede;
1.4 Investering in menslike kapitaal;
1.5 Professionele, merietegebaseerde, korrupsievrye en ontwikkelingsgerigte staatsdiens en beter bestuur van staatsbeheerde entiteite;
1.6 Versterking van wetstoepassingsagentskappe;
1.7 Versterking van Parlementêre oorsig;
1.8 Versterking van maatskaplike samehorigheid; en
1.9 Buitelandse beleid wat fokus op 'n regverdige, vreedsame en billike wêreld.

Gegewe Suid-Afrika se baie krisisse en gebrek aan leierskap deur Ramaphosa, is nege prioriteite waarskynlik vyf of ses té veel. Enige bestuurder wat orde uit chaos moet skep, weet dat twee of drie duidelike prioriteite, wat ten alle koste nagestreef word, die resep vir sukses is.

Elke leser moet gevolglik maar self besluit hoeveel sukses tot dusver met die RNE se nege prioriteite behaal is. Persoonlik sal ek die RNE twee of drie uit nege gee, wat my punt oor die aantal prioriteite bevestig.

Die partye binne die RNE het hulself tot 'n omvattende Nasionale Dialoog verbind om die kritieke uitdagings te bespreek wat die land in die gesig staar. Die oogmerk van die Nasionale Dialoog is die formulering van 'n nasionale maatskaplike verdrag om Suid-Afrika in staat te stel om aan die verwagtings van die Nasionale Ontwikkelingsplan te voldoen. Die partye in die RNE het hulself ook verbind tot 'n strategiesessie (*lekgotla*) om op ooreenstemming te bereik oor 'n beleidsagenda vir die beleidsprioriteite van die RNE.

Hier gaan dus baie gepraat word. Ek kan nie help om aan die ou uitdrukking te dink nie: *Talk is cheap, but money buys the whisky*.

Die groot probleem is dat die voorgenome Nasionale Dialoog alles behalwe goedkoop gaan wees. Die eerste kosteberaming beloop sowat R700 miljoen, vir die rekening van Suid-Afrikaanse belastingbetalers. In hierdie geval is praat nie goedkoop nie en dit is onduidelik of die Nasionale Dialoog tot enige voordeel vir arm en werklose Suid-Afrikaners gaan wees.

Ons het nie meer praat nodig nie, maar aksie. Aksie moet begin by Ramaphosa, wat vir een keer besluite in belang van alle Suid-Afrikaners moet neem, eerder as besluite in belang van die ANC.

'n Goeie beginpunt sal 'n vermindering van kabinetsministers en adjunkministers wees. Só 'n besluit sal belastingbetalers geld spaar, met groot simboliese waarde. Vir so 'n besluit is geen Nasionale Dialoog nodig nie, net 'n bietjie gesonde verstand. Op 'n ligte noot: Ek wonder dikwels of daar een Suid-Afrikaner is wat die name en portefeuljes van al die kabinetsministers en adjunkministers sonder enige hulp kan opnoem.

Suid-Afrika se grootste uitdaging sal ekonomiese groei en werkskepping wees. As die nege prioriteite binne 'n redelike tyd bereik kan word, sal dit tot hierdie twee oogmerke bydra. Min is egter in die laaste jaar behaal en nou word 'n geleentheid geskep vir nog meer praat en planne beraam.

***Ons het nie meer praat nodig nie, maar aksie. Aksie moet begin by Ramaphosa, wat vir een keer besluite in belang van alle Suid-Afrikaners moet neem, eerder as besluite in belang van die ANC.***

'n Tekort aan planne is egter nie die probleem nie. Heelwat planne is in die verlede gepubliseer en bespreek, maar geen aksie het gevolg nie.

Tydens mnr Tito Mboweni se dienstydperk as Minister van Finansies is die Nasionale Tesourie se ekonomiese groeiplan die met die titel *Economic transformation, inclusive growth, and competitiveness: Towards an Economic Strategy for South Africa* gepubliseer. Nadat hierdie plan in groot detail bespreek is, het geen aksie gevolg nie. Daar is gepraat, maar niks het gebeur nie.

Ramaphosa het op 27 September 2019 'n Presidensiële Ekonomiese Adviesraad aangestel. Te oordeel aan die gebrek aan ekonomiese groei sedert 2019, is daar by die Adviesraad ook gepraat, maar niks het gebeur nie.

*(Vervolg op p8)*

## *Die beplande Nasionale Dialoog (verv)*

Suid-Afrika se ekonomiese toestand en werkloosheidsprobleem sal nie verbeter solank die ANC voortgaan om onsuksesvolle beleidsrigtings op die land af te dwing nie. As Ramaphosa na die grafiek in Figuur 1 kyk, sal hy sien dat die beleidsrigtings wat die ANC onder sy bewind gevolg het, onsuksesvol was.

Meer praat, weliswaar teen ‘n hoë koste, is nie wat Suid-Afrika nodig het nie. Suid-Afrika het ekonomiese groei en werkskepping nodig. Dit kan ondersteun word deur munisipale dienslewering.
Die ANC en die RNE moet ophou droom en lang wenslyste opstel. Basiese dinge soos dienslewering moet aandag kry. Dit sal tot voordeel van alle Suid-Afrikaners wees. En belastingbetalers R700 miljoen spaar.

*(Die artikel is geskryf voordat die Demokratiese Alliansie aan die Nasionale Dialoog onttrek het.)* ❖

## GEDAGTES OOR DIE RNE , DIE NASIONALE DIALOOG EN DIE PRESIDENT

***Deur Prof Theo Neethling***
***Professor in Politieke studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat***

In die afgelope weke het ek verskeie navrae van joernaliste uit nie-Afrikaansprekende geledere ontvang. Die vrae was gerig op die RNE se funksionaliteit, die leierskap van president Cyril Ramaphosa en die beplande nasionale dialoog. Wanneer ek politieke navrae van mediagroepe met ‘n hoofsaaklik swart leserskap beantwoord, is ek akuut bewus van uiteenlopende politieke standpunte en ideologieë in Suid-Afrika en dat ‘n mens jou standpunte omsigtig moet formuleer, maar tog onbevange en openhartig moet reageer.

Een van die vrae was hoe ek bestaan van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) beskou nou dat dit ‘n jaar lank bestaan. Ek het geantwoord dat die RNE na my oordeel deur die meeste Suid-Afrikaners verkies word bo ’n dominante eenparty-regering. Een rede mag wees dat die RNE – met sy breër verteenwoordiging en verskeidenheid stemme – voorkom as meer verantwoordbaar en ingestel op die publiek se belange as vorige kabinette, veral as dit vergelyk word met die era toe staatskaping aan die orde was. Wat my betref, het die RNE trouens ‘n uiters belangrike waterskeiding in ons post-1994 politieke landskap gebring.




Ek is ook versoek om kommentaar te lewer op kabinetsministers wat myns insiens bogemiddeld presteer. My reaksie was soos volg: Onder die ANC se ministers wat veral uitstaan, is Parks Tau in die portefeulje van handel, nywerheid en mededinging – ‘n belangrike ministerie wat veel beter bestuur word as onder sy voorganger, Ebrahim Patel, met sy eng staatsentriese houding. Ronald Lamola het, ten spyte van sy beperkte ervaring in internasionale betrekkinge, redelik goed gevaar as minister van internasionale sake – ofskoon hy in ‘n drukgang is om Luthuli-huis se buitelandse beleid uit te voer. Senzo Mchunu is ook ’n beduidende verbetering op sy voorganger, Bheki Cele. Enoch Godongwana as minister van finansies het kalm en bekwaam gehandel in die Tesourie, selfs te midde van onlangse uitdagings met die goedkeuring van die begrotingsraamwerk. Kgosientsho Ramokgopa het ook sy portefeulje van elektrisiteit en energie goed bestuur. Na my mening tel dié groep onder van die meer bekwame ANC-ministers, wat gesamentlik meer as 60% van die Kabinetsposte beklee.

Buite die ANC bring die IVP-leier, Velenkosini Hlabisa, ’n kalm en deurdagte benadering tot sy rol as minister van samewerkende regering en tradisionele sake. VF+ leier Pieter Groenewald is eweso bekwaam in sy portefeulje. Verder het die PA-leier, Gayton McKenzie, groot openbare aandag getrek met sy energieke en amper oordonderende persoonlikheid, hoewel opinies oor hom wyd uiteenloop.

Die DA se kabinetslede het oor die algemeen almal goed gevaar in hul ses portefeuljes. Leon Schreiber val veral op as minister van binnelandse sake terwyl John Steenhuisen bekwaamheid toon, beide in sy portefeulje en in sy rol as DA-leier binne ’n ANC-geleide koalisie. Steenhuisen se rol in die kohesie van die kabinet moet ook nie onderskat word nie.

Op ‘n vraag watter swak ministers danksy politieke beskerming oorleef, het ek eerste aan Gwede Mantashe as minister van minerale en petroleumhulpbronne, gedink. Ek is eweneens nie beïndruk met adjunkpresident Paul Mashatile nie, wat lank reeds agtervolg word deur bewerings dat hy lojaliteitsnetwerke deur regeringskontrakte en -aanstellings bevorder het. En verder was Angie Motshekga as minister van verdediging en militêre veterane uiters teleurstellend in die kritiese portefeulje van verdediging.

Die vraag is ook aan my gestel hoe ek voel oor die feit dat die RNE wel sy eerste jaar – ondanks politieke wipplankry – oorleef het. My reaksie was dat toe die aankondiging destyds gemaak is dat Suid-Afrika (weer) ’n RNE as regering sou hê, heelwat ontleders skepties gewaarsku het dat enige koalisie sonder ’n bindende ooreenkoms inherent onstabiel is en tot mislukking geneig sal wees. Daar is ook gewys op die RNE van 1994 wat na ongeveer agtien maande nie oorleef het nie, terwyl koalisie-reëlings onlangs in ver-

*(Vervolg op p9)*

## Gedagtes oor die RNE, die Nasionale Dialoog en die president (verv)

skeie metropolitaanse munisipaliteite in konflik geëindig het; en vandaar die skeptisisme onder sommige waarnemers.

Op ‘n vraag oor die rol van president Ramaphosa het ek geantwoord dat sy leierskap binne die RNE erken moet word. Hy word dikwels van besluiteloosheid beskuldig, maar as ’n gesoute politikus en ervare fasiliteerder het hy na my oordeel wel ’n sleutelrol gespeel in die hantering van mededingende belange binne ‘n uiters gekompliseerde politieke omgewing, en ‘n belangrike rol gespeel om te verseker dat daar steeds samehorigheid in die RNE is.

Die RNE bestaan uit altesaam tien politieke partye, en dit bly ’n uitdaging om voldoende samehorigheid te handhaaf. Sommige van die DA se kabinetslede het besonder sterk persoonlikhede en politieke oortuigings. Binne hierdie dinamika moes President Ramaphosa die belange van sy eie party bevorder, terwyl hy terselfdertyd moes toesien dat die RNE nie deur konflik lamgelê word nie. Dit vereis fyn voetwerk en vir wat hy en ander leiers soos John Steenhuisen gedoen het, moet daar erkenning gegee word. Wat Ramaphosa betref, glo ek nie daar was enigiemand anders in die ANC met dieselfde soort leierskapvermoë om die RNE op koers te hou nie. Natuurlik was daar van tyd tot tyd ernstige konflik, maar na my mening was daar nooit ’n oomblik waar die RNE werklik op die rand van ineenstorting was nie. Die blote feit dat die RNE steeds genoegsame samehorigheid behou om te funksioneer, is belangrik en merkwaardig.

Daar sal in die toekoms, soos onlangs met die begroting, weer van tyd tot tyd konflik ontstaan, maar ek glo daar is baie geleer in die afgelope jaar. Daar is nou genoegsame momentum en ‘n onderlinge verstandhouding tussen die belangrikste rolspelers dat ons met ’n redelike mate van vertroue na die toekoms van die RNE kan kyk.

Uiteraard was daar in die afgelope tyd ook vrae oor die beoogde nasionale dialoog. My reaksie daaroor aan ‘n joernalis was dat daar niks verkeerd is om ’n gemeenskaplike visie vir die land aktief na te streef nie. Tog moet ons ook sê dat die uitdagings wat ons as Suid-Afrikaners in die gesig staar, reeds goed bekend en duidelik gedokumenteer is. Dialoog kan wel – indien dit werklik inklusief en betekenisvol is – ’n belangrike bykomende rol speel in die vorming van ’n gedeelde begrip van ons uitdagings, en in die verkenning van lewensvatbare oplossings.

Persoonlik glo ek die dringendste prioriteit is om doeltreffende maniere te vind om ekonomiese groei en nasiebou aan te wakker. Om ’n breër konsensus hieroor te bereik, is van kritieke belang. Sonder dit loop die nasionale dialoog-inisiatief die gevaar om net nóg ’n geselsforum te word. Ons het reeds talle debatte en diep ideologiese verdeeldheid in die parlement gesien oor hoe om ekonomiese en finansiële kwessies te hanteer, met min werklike beweging na oplossings.

> ***Dialoog kan wel – indien dit werklik inklusief en betekenisvol is – ’n belangrike bykomende rol speel in die vorming van ’n gedeelde begrip van ons uitdagings, en in die verkenning van lewensvatbare oplossings*.**

Voordat ons ons deur entoesiasme laat meesleur, moet ons ook vra: wie presies gaan deel wees van die “nasionale” in hierdie nasionale dialoog-inisiatief? Waar gaan hierdie gesprekke oral plaasvind? Wie gaan deelneem, en hoe gaan rolspelers gekies en betrek word? Met ander woorde: wie gaan ingesluit en wie gaan uitgesluit wees? Hierdie kritieke besonderhede bly tans onduidelik.

Laastens het ek toegevoeg dat een van Suid-Afrika se mees volgehoue uitdagings nie ’n gebrek aan beplanning is nie, maar swak implementering. Selfs die beste visieplanne of beleidsrigtings sal min bereik indien implementeringshindernisse nie uit die weg geruim word nie. Daarby worstel ons steeds met probleme soos korrupsie, burokratiese onbeholpenheid, beperkte finansiële hulpbronne en kapasiteitsbeperkings – probleme wat goed aan ons bekend is, maar steeds nie die nodige aandag geniet nie.
(Die artikel is geskryf voordat die Demokratiese Alliansie aan die Nasionale Dialoog onttrek het.) ❖

---

## RIGLYNE OOR BELA SOOS GEPUBLISEER: WAT SKOLE MOET WEET

***Deur dr. Juané van der Merwe-Mocke***
***FEDSAS adjunk-uitvoerende Hoof en Hoof van Regsdienste***

Die Minister van Basiese Onderwys het Donderdagaand, 12 Junie 2025, ’n riglyn op die webblad van die Nasionale Departement gepubliseer oor die implementering van sekere bepalings van die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette (BELA-wet).

Hoewel die riglyn geen regskrag het nie en geen nuwe regsreëls daarstel nie, dien dit as ’n waardevolle verwysingsbron en gee dit duidelikheid oor die Minister se interpretasie van verskeie klousules van die wet. Dit is ook ’n poging om ’n eenvormige toepassing van die wetsbepalings te bevorder.

FEDSAS het in Januarie formeel aan die konsultasieproses oor die riglyn deelgeneem en insette gelewer namens ons lede. Ons verwelkom die publikasie van die dokument en steun enige inisiatief wat daarop gemik is om die interpretasie en toepassing van onderwyswetgewing te verbeter.

*(Vervolg op p10)*

## Riglyne oor BELA soos gepubliseer: Wat skole moet weet (verv)

Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat die riglyn nie wetgewing is nie, en dus nie bestaande wetgewing of regspraak kan vervang of wysig nie.

SADTU het van meet af teen die riglyn standpunt ingeneem, die eerste konsultasiesessie verlaat, en beskryf die riglyn steeds in die media as "onwettig". Hierdie bewering is ongegrond. Riglyne van hierdie aard is nie nuut nie en word gereeld deur die Departement uitgereik as administratiewe hulpmiddels sonder wetgewende status.

Van groter belang op hierdie stadium is die ontwikkeling van bindende regulasies wat regskrag sal hê sodra dit in die Staatskoerant afgekondig word. FEDSAS is aktief betrokke by verskeie nasionale taakspanne wat aan die opstel van die regulasies werk, en lewer insette op die volgende konsepregulasies:

- Regulasies vir die bepaling van skoolkapasiteit
- Toelatingsregulasies
- Regulasies oor beheerliggaamverkiesings
- Regulasies oor die hantering van leerderswangerskappe
- Regulasies oor die verbod op betaling van ongemagtigde vergoeding aan staatsamptenare (artikel 38A)
- Regulasies oor die Nasionale Onderwysinligtingstelsel
- Direktiewe vir finansiële verslagdoening

Hierdie konsepregulasies sal eers vir openbare kommentaar gepubliseer word, waarna dit, na oorweging van die kommentaar, afgekondig en regtens afdwingbaar sal wees. FEDSAS bly ten volle verbind tot hierdie prosesse en beywer hom daarvoor dat die finale regulasies prakties uitvoerbaar, regverdig en grondwetlik sal wees, tot voordeel van skole, beheerliggame en leerders regoor die land.

Dit is ook belangrik om kennis te neem dat die wysigings aan die Skolewet en Wet op Indiensneming van Opvoeders op 22 Desember met die bekragting van die Wysigingswet in werking getree het en dat geen van die wysigings aan enige voorwaardes onderworpe was nie.

Die volledige riglyn is beskikbaar vir aflaai op die FEDSAS-webblad: www.fedsas.org.za ❖

---

## 'KILL THE BOER" - 'n HISTORIESE OORSIG

***Deur dr. James Myburgh***
***Redakteur van Politicsweb***

**Met die instemming van James Myburgh, redakteur van Politicsweb, plaas ons graag die vertaalde weergawe van 'n artikel wat op 26 Maart 2025 in Politicsweb gelaas is. Hierdie weergawe is 'n verkorte en gewysigde weergawe van die oorspronklike van 'n volledige artikel in Engels, wat by die volgende skakel gelees kan word: https://www.politicsweb.co.za/opinion/kill-the-boer-a-reply-to-adriaan-basson**

*Iets het ernstig verkeerd geloop in 'n samelewing wat hierdie tipe aanhitsing teen 'n bepaalde minderheid toelaat*




*Grafika: Met erkenning aan AfriForum*

Op Menseregtedag het EFF-leier Julius Malema weereens 'n skare rooihemde gelei in die dreunsang "Shoot to kill. Kill the Boer! Kill the farmer!" Voormalige DA-LP Renaldo Gouws het 'n video-uittreksel daarvan geplaas onder die opskrif "Gelukkige Menseregtedag Suid-Afrika! Ja, hierdie video is op die dag opgeneem."

In sy kommentaar op hierdie uittreksel, wat deur 'n pseudonieme gebruiker herplaas is, sê Elon Musk: "Baie min mense weet dat daar 'n groot politieke party in Suid-Afrika is wat aktief wit volksmoord bevorder... Waar is die skok en onthutsing? Waarom is daar geen dekking deur die tradisionele media nie?" In 'n plasing op X sê die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, Marco Rubio, "'Kill the Boer' is 'n dreunsang wat geweld aanhits. Suid-Afrika se leiers en politici moet stappe doen om Afrikaner- en ander benadeelde minderhede te beskerm." Sedert Dinsdagmiddag, 25 Maart 2025, is die video wat Gouws geplaas het 62,3 miljoen keer gekyk.

Sommige kommentators verwys daarna dat daar in werklikheid tans geen 'volksmoord' in Suid-Afrika aan die gang is nie, dat die EFF se steun laer as 10% is en daal, dat die meerderheid swart Suid-Afrikaners Christelike, Godvresende mense is, en dat gewone swart en wit Suid-Afrikaners goed oor die weg kom. Dit getuig van die situasie soos dit tans is, maar nie van die doel (of gevaar) van hierdie soort doodsdreunsange nie, of van die vraag of ons bekommerd moet wees oor Westerse en plaaslike elites se onverskillige reaksie daarop nie.

Sommige van hierdie kommentators haal goedkeurend die onlangse uitspraak van die Appèlhof aan, wat bevind het dat sulke dreunsange nie haatspraak uitmaak nie. Die hof het verklaar dat "die redelik ingeligte persoon sou verstaan dat mnr. Malema 'n historiese stryd-

*(Vervolg op p11)*

## *"Kill the Boer" - 'n Historiese oorsig (verv)*

lied en die vertolkende gebare wat daarmee gepaardgaan as 'n uitlokkende manier gebruik het om sy party se politieke agenda te bevorder" (welke agenda beslaglegging op die grond en geld van die witmense is). Dieselfde kommentators beweer, met verwysing na hierdie uitspraak, dat die term Boer "NIE na plaasboere verwys nie", maar deur die ANC gebruik is om "die onderdrukkende Nasionalistiese apartheidsregime te verteenwoordig". Sulke liedjies en dreunsange wat die dood van die Boere eis, moet in hierdie "historiese konteks" beskou word – dit is bloot oproepe vir "'n einde aan wit oppergesag".

Dit is 'n uiters misleidende weergawe van die doel waarvoor die bevrydingsbewegings hierdie liedjies tydens die gewapende stryd aangewend het. "Kill the Boer! Kill the farmer!" is in der waarheid 'n ou dreunsang van die Zimbabwe People's Revolutionary Army (ZIPRA) wat uit die dae van die Rhodesiese Bosoorlog dateer. ZIPRA-instrukteurs het dit in die laat 1970's in opleidingskampe in Zambië vir Umkhonto we Sizwe (MK) se kaders geleer, saam met die toyi-toyi. Die woorde wat die opgeleides moes sing terwyl hulle intense fisiese opleiding ondergaan het, het die volgende reëls ingesluit:
*"Kill the Boer, the farmer!"*
*"Hawu! Hawu, Hawu!"*
*"Kill the son, the daughter!"*
*"Hawu! Hawu, Hawu!"*
*"Kill the sister, the brother!"*
*"Hawu! Hawu, Hawu!"*
*"Bulala! Bulala konke!"*
(Kill, kill everybody)

Die doel van sulke indoktrinasie was om te verseker dat wanneer die tyd aanbreek om mense dood te maak, dit gedoen sou word, sonder om twee keer daaroor te dink. Dit is wat gebeur het toe ZIPRA- guerrillas op 3 September 1978 'n Air Rhodesia Viscount -vliegtuig suidoos van Kariba met 'n SAM-7-missiel neergeskiet het. Agt-en-dertig van die ses-en-vyftig mense aan boord van die vlug is op slag dood in die ongeluk. Die agtien oorlewendes het almal in die agterste rye gesit en kon deur die stert van die vliegtuig ontsnap.

Vyf van hulle het water gaan soek, terwyl die ander dertien agtergebly het om die gewondes onder hulle te versorg. Hans Hansen, 'n oorlewende van die ongeluk, het aan verslaggewers vertel dat nege guerrillasoldate ongeveer 'n uur later uit die bos te voorskyn gekom het. Hulle het die groep genader wat agtergebly het en *"said they were going to give us water and help. Then when they gathered us together, they said, 'you have taken our land. We are going to kill you'."* Die guerrillas het toe met AK-47's losgebrand, en een vrou met 'n bajonet deurboor nadat sy geskiet is; "*it was the most brutal thing I have ever seen,"* het Hansen vertel. Hansen, sy vrou en nog 'n man het daarin geslaag om te vlug. Die ander tien, waaronder een man, sewe vroue en twee meisies van 11 en 14 jaar oud, is almal vermoor.

Hierdie kommentators is reg as hulle sê dat die ANC die term "Boer" gebruik het om in die algemeen na "die vyand" te verwys – die wit regime, lede van die veiligheidsdienste, ensovoorts. Hulle is egter verkeerd wanneer hulle beweer dat plaasboere buite daardie kategorie val. In die middel-1980's het die ANC gepoog om 'n sogenaamde "People's War" regoor Suid-Afrika te ontketen. Hulle het dit spesifiek ten doel gehad om geweld teen boere te orkestreer, soos ook teen swart "samewerkers", en het hulle pertinent as wettige militêre teikens vir guerrilla-aanvalle gedefinieer. Dit het alles deel uitgemaak van 'n "volgehoue strewe om die wit plase te ontvolk en die vyand met landmyn oorlogvoering te teister".

Soos Oliver Tambo later gerapporteer het in die ANC se verklaring van 8 Januarie 1986, *"the people's army, Umkhonto we Sizwe, has taken the armed struggle... into the enemy rural military zones, striking blows that have worried the enemy...".* Nietemin, sê hy, "*much organisational and mobilisation work still needs to be done in these areas, raising to the fore such questions as the need... to rise up against the blood-sucking white soldier-farmers and to address the central task of the landless masses: seizing the land which rightfully belongs to them."*

***Die oogmerk is dat wanneer die oomblik aanbreek en daar uiteindelik 'n oproep vir daadwerklike optrede is (of dit nou is om aan te val, te roof of dood te maak), daar onvoorwaardelik daaraan gehoor gegee sal word*.**

Nadat die verbod op die ANC opgehef is, is hierdie liedjies en dreunsange tydens hul paramilitêre opleiding vir duisende jong radikale, insluitend Malema, geleer. Hulle word meer akkuraat verstaan as "ideevorming" (van moord)/"ideation" (of killing) , eerder as "aanhitsing" (om dood te maak). Dit is daarop gemik om alle oorblyfsels van die ou morele voorskrifte wat die jong rewolusionêr as kind kon aangeleer het, geleidelik af te takel en uiteindelik uit te wis – "Jy mag nie doodmaak nie. Jy mag nie steel nie. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie... of sy os of sy esel of iets wat jou naaste s'n is nie." Die oogmerk is dat wanneer die oomblik aanbreek en daar uiteindelik 'n oproep vir daadwerklike optrede is (of dit nou is om aan te val, te roof of dood te maak), daar onvoorwaardelik daaraan gehoor gegee sal word.

Moreel begronde samelewings duld geen oproep of aanhitsing tot moord nie, en hulle duld ook nie bendes wat mense gewelddadig aanval en in hul huise beroof nie, of dit nou op plase of in die voorstede of enige ander plek is nie.

Daardie taboes – die idee dat sekere grense nooit oorgesteek moet word nie – word onversetlik deur politie-

*(Vervolg op p12)*

## Kill the Boer" - 'n Historiese oorsig (verv)

ke en godsdienstige leiers, intellektuele en die wet afgedwing. Iets het ernstig verkeerd geloop in enige samelewing wat hierdie tipe aanhitsing, en hierdie tipe geweld, teen 'n bepaalde minderheid toelaat.

Die een ding wat egter van Malema se openbare uitlokking gesê kan word, is dat dit sy morele en politiese medepligtiges ontmasker, soos wat luminol bloedvlekke laat gloei. Wat hierdie kommentators onwillekeurig bevestig, is dat hierdie dreunsange nie net deur die ANC gekondoneer word nie, maar ook deur 'n toenemend gepolitiseerde regbank en die media.

***(Hierdie artikel is geskryf voor die Withuis besoek op 21 Mei 2025 deur president Ramaphosa en waar die kwessie intens deur president Trump in die internasionale kollig geplaas is. Op 17 Junie 2025 het die Britte vir 'n tweede keer 'n visum aan Julius Malema geweier om die land te besoek.)*** ❖

---

## DIE VERVAL VAN DIE WESTERSE AKADEMIESE TRADISIE

***Deur dr. Willem Gravett***

*(Ons plaas graag die derde van 'n reeks artikels deur dr Willem Gravett wat oorspronklik geplaas is deur Maroelamedia. Die reeks van artikels is gebaseer op 'n referaat getiteld "Die Verval van die Westerse Akademiese Tradisie" wat dr. Gravett in Oktober 2024 by Solidariteit se Verval van die Weste Konferensie gelewer het. Dr Gravett het die volledige referaat aangestuur wat ons later aan belangstellendes beskikbaar sal stel. Die artikelreeks word gebruik met die instemming van dr Gravett en gee ons ook graag erkenning aan Maroelamedia vir die plasing hiervan. Lees die eerste aflewering in die April 2025 weergawe van Die Eike)*

**Die Weste is nie uniek sleg nie**

Die Dier—die seksisme, chauvinisme, slawerny en uitbuiting inherent aan Westerse kultuur—is gebore, soos ons almal weet, in antieke Griekeland. En vandag se akademiese ideoloë is tevrede om die Dier net om te rol en te steek in sy vuil en skubberige onderbuik, met gepaardgaande selfgeregverdigde krete van afgryse en blaam.




Tog is hierdie Dier 'n baie meer komplekse en subtiele wese as wat hierdie selfaangestelde drakedoders bereid is om te erken.

Eerstens, oor die algemeen, is die sondes van die Grieke – slawerny, seksisme, ekonomiese uitbuiting, etniese chauvinisme – grootliks die sondes van die mensdom, algemeen aan *alle* kulture op *alle* tye. Die "ander" in die Griekse wêreld – vreemdelinge, slawe, vroue – was ook "anderes" in <u>*alle*</u> ander samelewings van daardie tyd (en bly steeds "gemarginaliseerd" in die meeste nie-Westerse kulture vandag).

As woke akademici 'n hedendaagse matriargale utopie kan vind en daardie nalatenskap kan terugvoer na 'n antieke kultuur waar vroue beter daaraan toe was as in Griekeland en Rome, laat hulle met bewyse vorendag kom eerder as spekulatiewe diskoers.

Cortez het nie nodig gehad om die Asteke te leer van kolonisasie, seksisme, rassisme, godsdienstige onverdraagsaamheid, of slawerny nie—en nog minder oor die fynere detail van menslike offerandes. Kindermoord, burgerlike slagtings en gruwelike verminking was meer algemeen in die pre- en nie-Weste as in Griekeland of Rome. Afrika het genoeg geweet van menslike slawerny en vroulike onderwerping – en selfs meer oor menslike offerandes, kannibalisme, en marteling – lank voordat Europeërs vir hulle al die Westerse patologieë kom leer het.

Tweedens, as ons vandag 'n spesiale afsku het vir sulke neigings, is dit omdat ons ná die twintigste eeu leef. Die verloop van eeue het aan ons laatkommers die voordeel verskaf oor ons voorgangers van begrip van die foute van die verlede. Twee en 'n half millennia se herskouing behoort tog sekerlik tot 'n mate van morele vooruitgang te lei. Die sosiale kontrak het nie eensklaps volwasse uit die kop van Zeus gespring nie, maar is deur eeue heen uitgewerk deur 'n proses van proefneming en terugslag, in die laboratorium van miljoene persoonlike tragedies.

'n Agtiende-eeuse filosoof in Königsberg het nie alles geweet wat ons nou weet nie. Maar hy het ook nie niks geweet nie. Kant het inderdaad sekere terme gebruik in agtiende-eeuse Pruise wat nie by 'n progressiewe universiteit in die Weste van die 2020's gebruik sal word nie. Dit beteken egter nie dat ons die reg het om hom te veroordeel, studente slegs oor sy foute te leer, of onsself te flous – ter wille van gemak – deur te dink dat ons niks van hom het om te leer nie.

Die Westerse kanon is nie 'n onveranderlike stel tekste nie, maar is, soos voorheen genoem, 'n voortgesette gesprek wat duisende jare al duur – wat elke generasie in staat stel om voort te bou op die intellektuele erfenis van die verlede.

*(Vervolg op p13)*

## Die verval van die Westerse akademiese tradisie (verv)

Gesprek is 'n metafoor, maar dit wys op iets werkliks – die feit dat die groot werke van die Westerse beskawing mekaar op aanvullende en twisgierige maniere aanspreek. Philo en Augustinus worstel met Plato. Hobbes val Aristoteles aan. Shakespeare konfronteer Machiavelli. Spinoza korrigeer Descartes. Kant antwoord Hume, Paine veroordeel Burke, Eliot roep Dante op, Brunelleschi bestudeer die Pantheon, en so gaan dit aan sonder einde. Hulle verwys na mekaar, prys, korrigeer, keur af en bou voort op die werke van dié wat hulle voorafgegaan het.

Die patologiese narsisme en generasionele chauvinisme van "woke" dosente en hulle studente is uiters onverantwoordelik, want om te dink dat 'n mens, selfs met die beste bedoelings, op eie houtjie, net met die hulp van jou tydgenote, 'n nuwe gesprek kan skep wat 'n voldoende plaasvervanger sal wees vir hierdie ouer gesprek, met al sy rykdom, diepte, en opgeboude skakels en verbintenisse, is om aan jouself enorme en onbeskeie magte toe te eien.

Die werklike effek hiervan is om die student se gevoel van isolasie te vergroot. Hoe meer onafhanklik 'n mens van die verlede is, hoe minder beperk deur die toon en inhoud van 'n gesprek wat al vir millennia aan die gang is, hoe nader kom jy aan 'n toestand van vol-

***Die idees en instellings van die Weste, bevry van die beperkings van hul historiese oorsprong, het die gemeenskaplike besitting van die mensdom geword.***

.

maakte selfgenoegsaamheid wat 'n goddelike skepper weerspieël wie se vermoëns van uitvinding grensloos is en wie se eensaamheid volledig is.

Daarom is dit nie net gepas nie, maar noodsaaklik om te praat van die bevoorregte posisie van die Westerse beskawing, met die begrip dat hierdie beskawing, wat in die Weste begin het maar nou op 'n universele morele en intellektuele grondslag berus, 'n unieke plek beklee onder die beskawings van die wêreld. Die idees en instellings van die Weste, bevry van die beperkings van hul historiese oorsprong, het die gemeenskaplike besitting van die mensdom geword.

En wat is hierdie idees en instellings? Die ideale van individuele vryheid en verdraagsaamheid; van demokratiese regering; van respek vir die regte van minderhede en vir menseregte in die algemeen; die noodsaak van markte as 'n meganisme vir die organisasie van ekonomiese lewe; die metodes van burokratiese administrasie met sy formele verdeling van funksies en skeiding van amp en ampsbekleër; 'n aanvaarding van die waarhede van moderne wetenskap en die alomteenwoordige gebruik van sy tegnologiese produkte: al hierdie dinge vorm in baie dele van die wêreld die bestaande fondasies van politieke, sosiale en ekonomiese lewe, en waar dit nie die geval is nie, word dit beskou as doelwitte om na te streef.

Tot die mate wat die "harde" weergawe van multikulturalisme hierdie aanspraak ontken, ontken dit nie net die mees ooglopende en basiese feite van die lewe, soos ons dit elke dag ervaar nie – om koffie te koop, die koerant te lees, op 'n selfoon te praat, aan politieke debat deel te neem, die dokter te besoek. Dit ontken ook die ideale wat ons met die grootste oortuiging onderskryf – soos menseregte en demokrasie, en wetenskaplike navorsing wat nie deur ideologiese en godsdienstige beperkings ingeperk word nie.

Ons moet dit aan ons studente duidelik maak: om openlik teen die Westerse kultuur gekant te wees, is om as 'n reaksionêr, 'n fanatikus, of 'n *obskurantis* beskou te word – iemand wat weier om die morele en intellektuele gesag van hierdie versameling moderne idees en instellings te erken, en wat (vrugteloos) sy voete plant teen hul onweerstaanbare gety.

Die klaskamer waarin hierdie ideale ontken of geminag word, word oortrek met 'n sluier van selfbedrog en oneerlike voorwendsel, en verloor daardeur sy geloofwaardigheid as 'n forum vir die bespreking van die diepste vrae, wat altyd die grootste openhartigheid vereis, en die moed wat daardie openhartigheid toelaat.

In die klas mag studente die multikulturalisme wat hul dosente onderskryf, entoesiasties bevestig. Hulle mag selfs vir 'n oomblik voel dat hulle daarin glo. Maar diep binne weet hulle dat hulle nie regtig glo nie, en hierdie dieper kennis ondermyn die gesag van die dosente wat sulke idees verdedig en die dissiplines namens wie hulle praat.

Studente weet dat hul dosente wat aanvoer dat die tekortkominge van Westerse kultuur uniek is onder ander kulture, maak almal hulle argumente in die gemak (materieël en psigologies) van Westerse instellings wat hul regte waarborg – regte wat direk afstam van die Griekse siening van die wêreld, maar regte wat hierdie dosente weier om as uniek te erken of as lewensonderhoudend te waardeer. Hierdie akademiese multikulturalisme is op sy beste intellektueel naïef, en op sy slegste huigelagtig tot in sy kern.

Nie een van die multikulturalistiese akademici (ten spyte van hulle post-moderne retoriek) wil werklik ons Griekse kern verwater om onder inheemse pre-Columbiaanse idees van regering, Haïtiaanse godsdienspraktyke, Arabiese protokolle vir vroulike gedrag, Chinese kanons van mediese etiek, Islamitiese tradisies van kerk en staat, Afrika benaderings tot wetenskap, Japannese ideale van ras, Indiese kastestelsel of Inheemse Amerikaanse opvattings van private eiendom te leef nie.

**Die Weste is nie uitsluitend nie**

Die metode om die hele Westerse kanon en tradisie af te kraak wat in onlangse dekades gewild geword het, is om die Westerse tradisie te beskuldig daarvan dat

*(Vervolg op p14)*

## Die verval van die Westerse akademiese tradisie (verv)

gemarginaliseerde groepe nooit toegang tot die Westerse panteon gehad het nie, en dat dit altyd om bevooroordeelde redes hermeties gesluit was.

Dit beweer dat 'n geskiedenis wat Helen van Troje, Sappho, die Madonna, Jane Austen, en Marie Curie ingesluit het, geen plek vir vroue gehad het nie. Dit beweer dat die Westerse geskiedenis, in plaas daarvan om byna onvergelykbaar buite-gerig en divers te wees, in werklikheid 'n tradisie is wat histories ingetoë en uitsluitend is.

***Byna alleen onder alle ander volke was dit die Weste wat – ten goede en ten kwade – 'n belangstelling getoon het in ander kulture buite hul eie, en nie net van hierdie kulture geleer het nie, maar sommige daarvan laat herleef het.***

Dit was nie die ervaring van W. E. B. Du Bois nie, wat in 1903 sy intellektuele affiniteit met die Westerse beskawing bevestig het: "I sit with Shakespeare and he winces not. Across the color line I move arm in arm with Balzac and Dumas," het Du Bois geskryf in *The Souls of Black Folk*. "I summon Aristotle and Aurelius and what soul I will, and they come all graciously with no scorn nor condescension."

Dit was ook nie die ervaring van die swart Amerikaanse skrywer en litirêre kritikus, Ralph Ellison nie, wat die oppervlakkige selfdefinisie en belangstellingsveld van die hedendaagse multikulturalis voorsien het. Ellison het as jong man in Alabama, Marx, Freud, T. S. Eliot, Pound, Gertrude Stein, en Hemingway gelees – boeke, het hy gesê, wat "selde, indien ooit, swart [mense] genoem het," maar wat hom "bevry het van watter 'gesegregeerde' idee ek ook al van my menslike moontlikhede gehad het." Hy is nie bevry deur swart politieke skrywers soos Richard Wright nie, het hy geskryf, "maar deur komponiste, romanskrywers en digters wat met my gepraat het oor meer interessante en vryer lewenswyses." Dit vereis "ware armoede van verbeelding" om te dink dat selfinsig "tot 'n swart persoon kan kom *slegs* deur die voorbeeld van *ander swart persone*," het Ellison geskryf.

Byna alleen onder alle ander volke was dit die Weste wat – ten goede en ten kwade – 'n belangstelling getoon het in ander kulture buite hul eie, en nie net van hierdie kulture geleer het nie, maar sommige daarvan laat herleef het. Inderdaad, hulle het so 'n groot belangstelling in ander volke gehad dat hulle gesoek het na verlore en uitgestorwe beskawings om te verstaan wat hierdie verlore mense gedoen het, in 'n poging om te leer wat hulle geweet het.

***Dr. Willem Gravett is 'n regsgeleerde verbonde aan Akademia*** ❖

---

## TRANSFORMASIE - DIE KEISER IS NOG STEEDS KAAL

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Die emigrasie van 49 Afrikaners as vlugtelinge na die VSA, is 'n hartseer weerspieëling van die moedeloosheid, desperaatheid en gebrek aan hoop wat baie Suid-Afrikaners voel. Hoewel die presiese omstandighede en kriteria vir hul keuring onbekend is, onderstreep hulle vertrek na die VSA 'n diepgewortelde wanhoop in Suid-Afrika wat spruit uit uitdagings soos politieke onstabiliteit, ekonomiese stagnasie, misdaad, en 'n gevoel van marginalisering as gevolg van diskriminasie deur al meer raswetgewing. Vir baie is die ingrypende besluit om hul geboorteland te verlaat nie ligtelik nie; dit is 'n ingrypende keuse, gelaai met emosie, onsekerheid en die pyn van afskeid van familie, kultuur en erfenis. Vir die Afrikaners was daar waarskynlik geen ander uitweg nie, aangesien hulle en net soos baie van ons wat agterbly, wie se vertroue in 'n beter toekoms vir Suid-Afrika onder die ANC vervaag het. Ons wens hierdie Afrikaners sterkte toe in hul nuwe begin, in 'n nuwe land.

Hulle vertrek laat 'n leemte agter en word vrae opnuut gevra oor die land se vermoë om sy mense te inspireer om te bly. Hierdie gevoel van hopeloosheid is nie uniek aan die 49 Afrikaners nie; dit is 'n ervaring wat deur talle Suid-Afrikaners gedeel word, ongeag ras of agtergrond. Volgens beskikbare data het meer as 'n 914 901 Suid-Afrikaners reeds tot en met 2022 die land verlaat. Dit is kundigheid en vaardigheid wat nie in Suid-Afrika waardeer of gekoester word nie. In volgorde is die groot trekpleisters Groot-Brittanje, Australië, Amerika. Nieu-Seeland, Kanada en Duitsland. In 'n onlangse artikel deur Prof Johan Fourie, ekonoom van die Universiteit van Stellenbosch was dit sy waarneming uit beskikbare data dat ongeveer 85 985 Suid-Afrikaners reeds in die VSA woon en maak hy 'n rowwe beraming dat tussen 30 000 en 40 000 van die Suid-Afrikaners in die VSA, wel Afrikaners kan wees.

Waarom verkies mense om hulle geboorteland te verlaat en te emigreer? Van die redes wat aangevoer word sluit in veiligheidskwessies, gebrek aan werksgeleenthede, swak dienslewering, en 'n dalende lewenskwaliteit, die deurlopende kragkrisis en korrupsie. Hierdie massiewe uitvloei, veral van geskoolde professionele persone, versterk die persepsie dat Suid-Afrika se toekoms onseker is, wat die siklus van moedeloosheid en desperaatheid verder aanwakker. Baie Suid-Afrikaners het die ekonomiese vermoë om te emigreer - hierdie Afrikaner vlugtelinge het waarskynlik nie en het Trump se aanbod dit wel moontlik gemaak.

Die openbare reaksie op die Afrikaner vlugtelinge strek van venynig tot sarkasties en ontkennend oor die redes vir die besluit. Terwyl die politici, media en sosiale media 'n bohaai opskop oor 49 Afrikaners wat as

*(Vervolg op p15)*

## *Transformasie - Die keiser is nog steeds kaal (verv)*

"vlugtelinge" na die VSA vertrek, was dieselfde klomp stil oor die tragiese dood van 14 Suid-Afrikaanse soldate in die DRK. Die Afrikaners aan wie vlugtelingstatus toegeken is en wat vlug van ANC beleid kry sensasionele opskrifte maar die 14 Suid-Afrikaanse soldate se opoffering vir 'n ydele ANC-regeringsprojek het skaars aandag getrek. Dit wys hoe skeef prioriteite in die openbare diskoers kan wees wanneer dit politieke en ideologie pas - sensasie wen bo substansie.

Dit moet ter aanvang gestel word dat pres. Trump se verwysing na volksmoord en grootskaalse onteiening nie korrek is nie. Vir politici om egter dan ook smalend in ontkenning te verwys na die probleem van plaasaanvalle en moorde en die potensiaal van die onteieningswetgewing is soos vir ŉ volstruis om sy kop in die grond te druk. Vir President Ramaphosa en die ANC is daar slegs een narratief en dit is dat wit mense oor die algemeen wil terugkeer na apartheid en dat die vlugtelinge anti-transformasie is. Onlangs het die president ook weer gesê dat die Grondwet weer gelees moet word want hulle (dit is nou die ANC) werk binne

***Een ding staan egter soos ŉ paal bo water. Vir Ramaphosa en die ANC is die openlike uitdaging en kritiek van iemand soos president Trump, wat die magtigste man ter wêreld is, ŉ diep verleentheid en vernedering.***

grondwetlike voorskrifte ten einde die skade van apartheid te herstel.

Die president se verwysing na die grondwet is heel ironies. Ons ervaring die laaste dekades is dat die ANC slegs in naam die grondwet en die grondwetlike beginsels onderskryf, maar in die praktyk is dit ANC eerste en die ideologie wat hulle saam met moedersmelk ingeneem het. In kort is transformasie die uitkoms van die ideologiese toepassing van die Nasionale Demokratiese Revolusie. Lees hiermee saam demografiese verteenwoordiging en sentrale beheer. Daarom is die president se verwysing en interpretasie van die grondwet nie korrek nie.

In 2025 word enige persoon wat van die huidige magshebbers verskil, gebrandmerk as "teen transformasie" en ŉ terugverlang na apartheid. Dit het die president opnuut gedoen in 'n presidensiële paneelbespreking by die African CEO Forum in Abidjan in die Ivoorkus op Maandag 12 Mei 2025. Hy het tydens die geleentheid dit duidelik gemaak dat hy met President Trump gepraat het en die situasie by die huis verduidelik het. Ons moes gerusgestel word want Ramaphosa is van mening dat ons wat kolonialiste is, nie uit die land gejaag is nie en dat die inwerkstelling van die "grondwetlike argitektuur" (transformasie) voortgaan en dat enige persoon wat daarmee verskil antitransformasie is. Hoe kaal is die keiser nie, nou ook gestroop van waardigheid en sy morele gesagsposisie.

Een ding staan egter soos ŉ paal bo water. Vir Ramaphosa en die ANC is die openlike uitdaging en kritiek van iemand soos president Trump, wat die magtigste man ter wêreld is, ŉ diep verleentheid en vernedering. Vir enige regering, selfs so onbeholpe soos die ANC, moet die kritiek op ŉ globale platform onhoudbaar wees. Skielik beheer die ANC nie meer die narratief nie. Openbare internasionale kritiek oor kwessies van diskriminasie en onteiening en misdaad raak aan die ANC se morele geloofwaardigheid en pres. Ramaphosa se persoonlike waardigheid.

Die ANC word nou gedwing om sy beleidsraamwerke in die oë van die internasionale gemeenskap te verdedig en te regverdig. Die impak strek nou verder as persoonlike of partygebonde skaamte en vernedering. Daar is nou twee opsies. Die eerste opsie is dat die ANC gedwonge voel om óf hul beleid van transformasie, sentrale beheer en demografiese verteenwoordiging te verdedig teen ŉ golf van internasionale en plaaslike druk. Dit is die roete wat tans nog ingeslaan is. Tweedens die opsie van toegewings en hervormings. Dit sou egter ook impliseer dat daar ŉ erkenning is van mislukking. Die keuse tussen hierdie twee opsies sou ŉ delikate balans vereis, aangesien beide opsies politieke teenstand kan veroorsaak.

Hoe dit ook al sy. Suid-Afrika se binnelandse beleid is nou ontbloot. Hiermee het die ANC sy beheer oor die meesterverhaal verloor. Skielik is apartheid en die verlede nie meer die groot skrikmaak gevaar nie. Die ANC se huidige tekortkominge en gebrekkige leierskap en beleidsmislukkings skep ŉ interne gevoel van magteloosheid by ANC leiers. Hulle is skaamkwaad en dit is veral onlangs ervaar tydens die gesprekke met die ANC. Waar hulle gewys word op werklike probleme en gebroke beloftes en ondernemings is hulle verstek terugvalposisie die verlede en apartheid.

Die ANC beleef tans ŉ strategiese krisis van politieke oorlewing. Die narratief van ŉ sorgvuldig gekonstrueerde beeld as bevryders van apartheid en kampioene vir maatskaplike en ekonomiese gelykheid en " 'n Beter lewe vir almal" word nou wesenlik bedreig. Skielik staan die ANC nou in die beskuldigdebank waarin sy ideologiese transformasie deur rasgebaseerde beleid en die verwaarlosing van minderhede in die kollig geplaas is. Dit dwing die ANC nou om te reageer op ŉ agenda wat nie deur hulself gestel is nie en in ŉ posisie van ongekende kwesbaarheid.

Daar is groot foutlyne in die ANC se transformasieprojek. Die neiging om ras as ŉ sentrale lens vir beleid te gebruik ten koste van inklusiwiteit is nou ontmasker. Politieke transformasie het deur sy toepassing ontwikkel tot rasbevoordeling en rasontneming. Deur ŉ nuwe vorm van rasse manipulasie word sosiale ingenieurswese toegepas. Suid-Afrikaners is om dit sagkens te stel, hartlik sat vir die gevolge van transformasie soos omgekeerde diskriminasie, nepotisme, korrupsie, onbevoegdheid, bevordering sonder meriete, gebrekkige

*(Vervolg op p16)*

## Transformasie - Die keiser is nog steeds kaal (verv)

dienslewering, die ineenstorting van infrastruktuur, sport-kwotas, diefstal van staatsgeld, misbruik van staatsbates en swak regering. Dit is onomwonde deur die verkiesingsuitslag bevestig.

Die ANC se monopolie op die morele en politieke hoë grond is verswak, deur dekades se ideologiese ortodoksie. Ons moes leer uit die verlede se toepassing van apartheid en die hede deur transformasie dat ras en raskriteria en diskriminasie nie tot Suid-Afrika se heil nie. Ons moet daarna strewe om ’n samelewing te bou waar meriete, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid die hoekstene is. Dit beteken ’n ekonomie waar geleenthede verdien word deur talent en harde werk, nie politieke lojaliteit nie; ’n regering wat verantwoording doen aan ál sy burgers, nie net ’n uitverkore paar nie; en ’n samelewing waar elke individu se waardigheid erken word, ongeag hul agtergrond. Veral vereis dit ‘n land wat sy minderhede koester en nie as tweedeklas burgers in hulle eie land behandel nie.

Die artikel is op 18 Mei 2025 in Rapport gepubliseer. **https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/jan-bosman-49-afrikaners-is-vort-maar-die-keiser-is-steeds-kaal-20250518** ❖

## Hersiening van die Witskrif oor plaaslike regering - Lewer gerus kommentaar

Die spertyd vir die indiening van kommentaar op die Witskrif oor Plaaslike Regering is verleng van 30 Junie 2025 na 31 Julie 2025. In ’n kennisgewing van die Minister van Koöperatiewe Regering en Tradisionele Sake, mnr Velenkosini Hlabisa in die Staatskoerant nr 52498 van 10 April 2025 is belangstellendes en rolspelers genooi om kommentaar in te dien.
Lees die hersiening by die volgende skakel. Alle besonderhede vir die indiening *van* kommentaar is ook beskikbaar by die skakel.
https://www.cogta.gov.za/index.php/docs/white-paper-on-local-government-1998-review-of-the-white-paper-on-local-government/

Die hersiening het ten doel om 'n hersiene Witskrif (WPLG26) teen Maart 2026 te produseer. Dit is in reaksie op 'n sistemiese disfunksie in Plaaslike Regering, wat kern-oorsake aanspreek soos finansiële onvolhoubaarheid, dienslewering mislukkings, finansiële wanbestuur en ’n oorbeklemtoning op politiek. President Cyril Ramaphosa se 2025 Staatsrede het hierdie kwessies beklemtoon, wat die hersiening aangespoor het wat na die 2022 Presidensiële Plaaslike Regering Beraad begin is en in 2024 geformaliseer is. Die proses behels openbare en belanghebbende konsultasies om sistemiese swakhede aan te spreek, met 'n konsepverslag wat teen September 2025 verwag word en finale aanbevelings teen Desember 2025. Die hersiening bou voort op die WPLG98 se visie van Ontwikkelingsgerigte Plaaslike Regering, maar konfronteer moderne uitdagings, insluitend klimaatsrisiko’s en ruimtelike ongelykheid.

Die hersiening fokus op sistemiese hervorming, wat onderliggende kwessies aanspreek (bv. munisipale kapasiteit, verpolitisering) eerder as simptome soos diensonderbrekings. Die hersiening verwys onder andere na die volgende primêre oorwegings vir hervorming: -

- Vereenvoudig die Plaaslike Regeringstelsel en verseker wetgewende belyning: Heroorweging
- Gedifferensieerde Stelsel: 'n Meer asimmetriese stelsel word bekendgestel.
- Finansiële Volhoubaarheid & Fiskale hervormings.
- Bou vertroue tussen munisipaliteite en burgers
- Versterk Leierskap en Administrasie.
- Stryd teen Korrupsie
- Regulatoriese Raamwerk: Stel wysigings voor aan munisipale wetgewing
- Integreer Tradisionele Leierskap:
- Spreek Ruimtelike Ongelykhede aan
- Versterk Oorsig en Samewerking
- Pas aan by Klimaatuitdagings
- Fokus op Implementering: Verseker dat aanbevelings van vorige hersienings effektief geïmplementeer word deur "wie" en "hoe" vrae in beleidsformulering aan te spreek – eerder as ‘wat en waarom”.
- Veereenvoudig en verbeter die Distrik Ontwikkelingsmodel (DDM)

Die voorstelle is omvattend en weerspieël 'n strategiese benadering tot die hervorming van Plaaslike Regering. Oor-verpolitisering van Plaaslike Regering is 'n kritieke bedreiging wat drasties toegeneem het. Hierdie neiging het duidelik geword met die jongste ontwikkelings en mislukkings van koalisie regerings wat beperk moet word. Hervorming is noodsaaklik om die totale ineenstorting van plaaslike regering te voorkom.

In die hersieningsdokument is byna al die tendense en aanbevelings wat uit vorige hersienings voortkom, nog steeds van toepassing is en in sekere gevalle het dit nog verder verswak. Die sleutelvraag wat dus beantwoord moet word, is waarom, en wat moet gedoen word om dit reg te stel?

Die Afrikanerbond is in proses om kommentaar saam te stel. Enige insette kan gestuur word na: kommentaar@abond.co.za ❖

***Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.***

***KONTAK DIE EIKE***
*kommentaar@die-eike.co.za*
*Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006*
*Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343*